Sing vooraf: Psalm 50:1 (p. 253)

1 Die grote God, die HERE spreek! / Hy roep, Hy daag die aard', van waar
die son in goudglans uit kom breek / tot waar hy sterwend neer sal vaar.
Uit Sion, sonder voorbeeld skoon, / sprei God sy ligglans ver ten toon.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 100:1-4 (p. 494)

1 Juig, al wat leef, juig voor die HEER!
Dien God met blydskap, gee Hom eer;
kom nader voor sy aangesig,
en prys Hom met 'n lofgedig!

2 Die HEER is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te dien en vrees
en skape van sy wei te wees.

3 Gaan deur sy poorte in met lof,
met lofsang in sy tempelhof;
kom in sy huis, o bondsvolk, saam;
verhef sy lof en prys sy Naam.

4 Want goedertieren is die HEER;
sy goedheid eindig nimmermeer;
sy trou en waarheid hou hul krag
tot in die laaste nageslag.

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 81:1, 10 (p. 411)

1 Laat ons nou die HEER / wat sy volk verbly het
deur sy sterkte, eer! / Hom, die grote God,
wat weer feesgenot / vir sy volk berei het.

10 Onder jul mag geen / afgodsbeeld verrys nie:
Ek is God alleen! / Jul mag god of heer
wat die nasies eer, / met geen lofstem prys nie.

Skriflesing: Romeine 1 en Deuteronomium 4:15-19
Teks: Romeine 1:23; Kategismus Sondag 35

en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere.
(Romeine 1:23 AFR1953)

Ons gaan in hierdie preek na die volgende dinge kyk wat ons moderne mense raak:

1. Wat staan in Romeine geskryf?
2. Waarom verbied die Here dat Hy deur afbeeldings/uitbeeldings aanbid mag word?

1. Wat staan in Romeine geskryf?

Hierdie hoofstuk konfronteer die kerk met 'n paar verskriklike waarhede (natuurlik is dit waarhede, want God openbaar dit!):

- Die eerste ding wat die Here duidelik maak, is dat 'n gelowige se verhouding met die almagtige God totaal en al op sy geloof berus.

Maar die regverdige sal uit die geloof lewe. (Romeine 1:17 AFR1953)

- Die tweede ding wat die Here openbaar, is dat mense wat hulle verhouding met God verloor, onmiddellik in allerhande menslike slimmighede verval – maar hierdie dinge wat hulle uitdink, loop almal die koninkryk van God mis.

  Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie; omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het dwaas geword in hul oorlegginge, en hul onverstandige hart is verduister.
  (Romeine 1:20-21 AFR1953)
- Ons eerste gedagte is natuurlik dat die dinge seker maar iets soos teologie of filosofie moet wees. Maar dan openbaar die Here dat mense wat hulle verhouding met Hom verloor dadelik 'n hele paar verkeerde dinge doen:
  - Hulle maak dadelik verskillende soorte beelde van God:

    en die heerlikheid van die onverganklike God verander in die gelykvormigheid van die beeld van 'n verganklike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. (Romeine 1:23 AFR1953)
  - Die tweede ding wat hulle doen, is dat hulle homoseksuele verhoudings begin beoefen!

    Daarom het God hulle ook in die begeerlikhede van hulle harte oorgegee aan onreinheid, om hulle liggame onder mekaar te onteer (Romeine 1:24 AFR1953)

    Daarom het God hulle oorgegee aan skandelike hartstogte, want hulle vroue het die natuurlike verkeer verander in dié wat teen die natuur is; en net so het ook die manne die natuurlike verkeer met die vrou laat vaar en in hulle wellus teenoor mekaar ontbrand: manne het met manne skandelikheid bedrywe en in hulleself die noodwendige vergelding van hulle dwaling ontvang. (Romeine 1:26-27 AFR1953)
  - Die derde ding wat hulle doen, is dat hulle die mens en alles wat vir hom belangrik is, bo God en sy eise stel – dus die Here 'n tweede posisie gee onder die mens!

    . . . hulle wat die waarheid van God verruil het vir die leuen en die skepsel vereer en gedien het bo die Skepper wat geprys moet word tot in ewigheid. Amen.
    (Romeine 1:25 AFR1953)

Die sogenaamde kerkmense van ons tyd stry en probeer met allerhande verklarings vorendag kom, maar die Here stel iets baie duidelik:

En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, het God hulle oorgegee aan 'n slegte gesindheid, om te doen wat nie betaam nie: (Romeine 1:28 AFR1953)

Die fout lê net op een enkele plek: Die mense het God verlaat.

- Hy is nie vir hulle die moeite werd nie. Natuurlik het hulle nog 'n god – volgens hulle. Maar dis nie die lewende God nie.
- Dis 'n beeld/namaaksel wat hulle eie smaak pas.

1. Waarom verbied die Here dat Hy deur afbeeldings/uitbeeldings aanbid mag word?
In die tyd waarin ons lewe, is dit nie so vergesog om te dink dat daar 'n afbeelding van God gemaak kan word nie, want daar is deesdae in die skilderkuns, beeldhoukuns en ook in films wat gemaak word uitbeeldings en afbeeldings van die Here en veral van Jesus Christus.

Dit pla baie van ons want die van ons wat bekommerd is, glo dat die Here se gebod wil hê dat ons op glad geen manier die Here mag afbeeld of verbeeld nie.

- 'n Ware afbeelding van God kan tog nie gemaak word nie, want daar is geen medium wat die

almag, oneindigheid, oordeel en liefde van God kan uitbeeld nie.
- As die hemel der hemele die Here nie eers kan bevat nie, beteken dit dat alle menslike afbeeldings vervalsings van die ware God moet wees.

Geen afbeelding kan die wese van die Here weergee wat waar is nie.
- Dit is tog nie moontlik dat die God van waarheid deur die leuen gedien kan word nie.
- Hoe kan die Here dan deur 'n onware voorstelling verheerlik word?

Die Bybel openbaar lank nadat die Here al hemel toe gegaan het nog weereens dat die gelowiges Hom in sy onsienlike Goddelikheid moet aanbid. Dink aan Kolossense 1:15:

Hy is die Beeld van die onsienlike God, die Eersgeborene van die hele skepping;

Dit is 'n ernstige oortreding om beelde of afbeeldings van die Here te maak.
- Enige een wat die Here wil afbeeld of uitbeeld, maak hom skuldig aan skending van die heiligheid van God.

Dit maak die Here kwaad, daarom verbied Hy die maak van enige afbeelding van Hom.
- Hy wil net persoonlik gedien word in sy volle heerlikheid en op geen ander manier nie.
- Die Here wil nie (en kan nie) deur afbeeldings gedien word nie.

Daarom kry ons soveel praktiese probleme met hierdie saak in ons tyd.
- Dikwels steur die Christendom in die algemeen hulle nie aan hierdie gebod nie. Uit hierdie sonde het daar baie euwels vir die kerk van ons tyd gebore geraak.
- Dink maar aan dinge soos die wat ons al genoem het: films, skilderye, beeldjies en Kerskaartjies.

Beeldediens kan net afgodediens tot gevolg hê.
- Dit was al die eeue deur so en in ons tyd is dit nie anders nie, want sodra jy van die Here 'n afbeelding maak, maak jy van die Here iemand mensliks.
- Dan verval jy in menslikhede – naamlik gruwelike sondes – dié wat die Here in Romeine 1 openbaar!
- Dit mag onder geen omstandighede gebeur nie, want dit beteken dat ons in ons eie verwaandheid 'n ander beeld van die Here skep as wat Hy van Homself aan ons openbaar.

Waarom maak mense dan al hierdie soorte afbeeldings van die Here? *Een van die redes waarom mense oor alle eeue heen beelde van hulle gode gemaak het, was omdat hulle met hierdie beelde wil identifiseer in 'n soeke na identiteit.*
- Dit is natuurlik omdat die mens na die sondeval 'n gebroke beeld oorgehou het.
- Die mens ondervind 'n soeke en 'n heimwee na hierdie beeld wat hy verloor het.
- In 'n sekere sin kan mens sê dat hierdie identiteitskrisis as gevolg van die sondeval mense verlei om afgodsbeelde te maak.
- Dis die manier waarop hy homself weer met sy Skepper wil vind.

U moet onthou dat as 'n beeld van Jesus werklik belangrik sou wees, die Here dit maklik kon beskik het dat daar so 'n beeld vir ons behoue gebly het.
- Die Grieke het in daardie tyd al 'n wêreldbeskawing gehad wat vir eeue al beelde van mense gemaak het – die Here kon dus vir ons 'n afbeelding laat bewaar het.
- Die Here wou egter hê dat daar geen vorm van sy liggaamlike nalatenskap vir ons moet wees nie, omdat Hy in Gees en waarheid aanbid wil word.

Die motief van die Here agter hierdie besluit is dat Hy wil verhoed dat ons die Hom in ons godsdiens

vermenslik – dit waarteen die Here ons waarsku in Romeine 1.

Romeine 10:14 leer ons baie duidelik dat ons die Here net in die geloof kan aanroep.

- Ons kan Hom net ken deur van Hom te hoor.
- Daar kan net gehoor word as daar een is wat preek.

Luister na die uiters belangrike woorde in hoofstuk 10:17:

> **Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die woord van God.** (Romeine 10:17 AFR1953)

Hier is dit weer so duidelik dat die Here in die Nuwe-Testamentiese tyd nog steeds persoonlik aanbid wil word en nie met/deur beelde gedien wil word nie.

Dit gaan oor die profetiese woord.

- Geen beeld of watter vorm van afbeelding ook al kan hierdie lewende werking van die Gees van God vervang nie.
- Geen afbeelding kan soveel geloofsdiepte in jou hart bewerk nie.
- Mens dink hier onwillekeurig aan die keer toe die Here die dissipels verwyt het dat hulle nie wou glo dat Hy opgestaan het voordat hulle dit self gesien het nie (Markus 16:14).

Ons moet afbeeldings van die Here verm y sodat ons die Here kan dien deur die Heilige Gees wat in ons harte en verstand werk dat ons deur die Woord van God sy volle openbaring kan sien.

- Laat ons daarom – al is ons op die aarde – nie van God aards dink nie, maar Hom in gees en waarheid eer en dien.
- Laat ons juis in ons geloof op die onsienlike vertrou totdat God Homself op sy tyd aan ons openbaar by die wederkoms.

Kom ons lees Kategismus Sondag 35 saam.

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: *Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).*
(a)Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: *God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b).*
(a)Jes 40:25. (b) Eks 34:17; 23:24; 34:13; Num 33:52.

Vraag 98: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?

Antwoord: *Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b).*
(a)Jer 10:8; Heb 2:18. (b) Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 9-2:2 (nuut)

2 "Vereer dan geen gesnede beelde, / maak van My geen gelykenis;
maar dien my wat, alomteenwoordig, / jou Skepper en Verlosser is."

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.
Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 30 September 2007 (aand)